

Les 9

Teks: Johannes 5: 1 - 18

1. Inleiding

In hoofstuk 5 tot 7 van die Johannes evangelie betree ons 'n nuwe fase van Jesus se bediening. Hierdie fase word veral gekenmerk deur toenemende agressie van die Jode. Daar is veral twee dinge wat aanleiding gee tot hierdie aggressie. Dit is die genesings wat Jesus doen, maar dan ook en miskien veral die Christologie dat Jesus homself gelyk stel aan God die Vader. Maar wat gebeur by die bad van Besteda?

2. 'n Onbekende fees en 'n onbekende bad

Die Johannes evangelie openbaar Jesus se bediening veral rondom verskeie feeste. Maar waar ander feeste gewoonlik in fyn besonderhede beskryf word, word hierdie fees nie. Ondanks verskeie spekulasie, moet ons uiteindelik verlief neem dat ons nie weet presies van watter fees hier gepraat word nie.

Dan die bad. Baie verklaarders reken hier word van Jerusalem gepraat voor die laaste inval en vernietiging in 66-70 N.c. Want niemand is presies seker waar die Skaapspoort met die vyf pilaargange was nie. Tog op die einde is die presiese ligging net belangrik vir mense wat verkeerde allegoriese afleidings wil maak, soos dat die vyf pilare 'n verwysing is na die 5 boeke van Moses wat nou nie meer effektief vir genesing is nie.

3. 38 jaar en die roering van die bad

Die man was 38 jaar verlam. Hierdie 38 word somtyds in verband gebring met die volk se onnodige rondswerv 38 jaar in die woestyn. Maar nietemin was hierdie man al lank siek. En alhoewel die bad gevoer is met water uit ander bronne, het dit soms beweeg. Dit was dan waarskynlik fonteine op die vloer van die bad wat dit in beweging gebring het. Die bygeloof was dat indien jy eerste in die beweegende bad kon kom, dan sou jy genees word. Op 'n meer wetenskaplike vlak het die bad waarskynlik beskik oor verskeie soute en minerale.

4. Die fokus was op genesing alleen

Hierdie man is so ingestel op sy genesing alleen dat niks anders saak maak nie. Dit is interessant dat Jesus hom uitkies tussen waarskynlik al die ander verlamdes wat daar was. En dan ook die vraag: Wil jy gesond word. Jesus genees hom dan ook volkome, hy is in staat om sy bed daar weg te dra. Hierdie genesing getrou aan die Johannes evangelie vind plaas in die krag van Jesus se woorde.

Maat dan die interessante, dat hy nie eers vra wie Jesus is nie. Jesus verwys na die man se sonder eers op die tweede ontmoeting. Maar hier direk na die eerste ontmoeting kan die man nie eers aan die Jode sê wie presies hom genees het nie. Vir hom is al wat belangrik is, die feit dat hy wel genees is, maak nie saak hoe nie.

5. Gelyk aan God

Alhoewel werk op die sabbat vir mens die doodstraf op die tyd kon bewerkstellig, was dit eintlik die lasterlike gelykstel aan God wat die probleem was. Die Jode sien in Jesus se woorde, My Vader en Ek werk tot nou toe, 'n gelyk stel aan God. Een ding wat hulle verseker uit die ballingskap geleer is, was die sonde om ander gode gelyk aan God te stel, wat dan nog van ander mense. Maar in dit alles kyk die Jode natuurlik die Vader kind verhouding mis.

6. Teksverwysing

1. Genesis 2:2 - 3
2. Deuteronomium 2:14
3. Jesaja 36:6
4. Markus 2: 1 - 12
5. 1 Korinthiërs 11:30
6. Hebreërs 4: 3 - 10
7. 1 Johannes 5: 16

7. Vrae

1. Gebeur magtige geloofsdade net waar gelowiges bymekaar is, gesien in die lig van Christus se toewyding aan feeste?
2. Wat dink jy van alternatiewe genesings, en hoe ver kan ons weg van die Here beweeg in die soeke na genesing?
3. Wat is die band tussen siekte en sonde?
4. Wat kan bedoel word met goed doen op die sabbatdag?
5. Wat openbaar die Vader-Seun verhouding aan ons in die drie-eenheid?

8. Bronnelys

Carson, D. A. (1991). *The Gospel according to John*. Leicester, England; Grand Rapids, MI: Inter-Varsity Press; W.B. Eerdmans.